Kunstekaap tydens Covid.

Met die sluit van teaters weens inperking, moes Kunstekaap ander maniere vind om sy programme vir 2020 aan te bied. Programme is met sorg gekies sodat dit die grootste moontlike gemeenskap kon bereik en ook virtueel aangebied kon word – sonder om gehalte prys te gee. Kunstekaap het ook die kunsgemeenskap ondersteun deur sy venues vir opnames beskikbaar te stel.

Programme wat tydens inperking aangebied is:

New Voices

Die program fokus op die ontwikkeling en mentorskap van teksskrywers. Omdat vertonings verbied is, is die program vir 2020 aangepas en is skrywers gehelp om hulle tekste as radiodramas aan te pas. Die vier radiodramas, *Miela Se Box, Close Call, Ekugqibeleni* en *Die Aasvoël*, het uitgebreide lugtyd op gemeenskaps- en kommersiele radiostasies geniet.

Artscape Women's Arts and Humanity-program

Die aangepaste program sluit onderhoude, paneelbesprekings, stories uit die gemeenskap en musiek in: 'n Virtuele wandeling; verskeie aanlyn produksies; 'n radiogeselsprogram en gesondheids-, finansiële en regsadvies

Middagetekonserte

Die konserte is 'n integrale deel van Kunstekaap en dien as platform om die onderskeie kunsgenres aan die publiek voor te stel. Tydens inperking is hierdie vertonings na Kunstekaap se Youtube-kanaal geskuif. Kyk gerus hier:

https://youtu.be/Zw2QlFsei6c

http://www.artscape.co.za/.../virtual-lunch-hour-concert.../

https://youtu.be/o7X10qQyBz4

Erfenisfees (Heritage Festival)

Die fees vier ons diverse kulture en identiteite deur dans, musiek en drama. Vanjaar is dit digitaal aangebied. Vertonings het ingesluit: **Mantis and The Bee** – 'n humoristiese ontdekking van /Xam-mitologie en gebaseer op 'n storie van die eerste mense en **The Kingdom of Ubuntu** - 'n musikale reis deur musiek, dans, poësie, drama, storievertelling en Afrika-modes.

Gemeenskapskunstenaars

Geleenthede is vir kunstenaars uit die gemeenskap geskep, veral diegene wie se vertonings weens Covid-19 gekanselleer is. Die volgende produksies is opgeneem:

Youth In Action – sal in Desember 2020 vertoon word.

Indigenous Orchestra - https://www.youtube.com/watch?v=9OrrtD71WFs

Light of Life Theatre Organisation – *Ukuwa Kwe Nkaba* – wat deur musiek, beweging en drama die kwessie van ma's wat hulle kinders alleen moet grootmaak, ondersoek.

Verhoogoptredes 2021

Kunstekaap beplan om amptelik op 30 Januarie 2021 vir gehore oop te maak met die eerste van hul konserte as deel van hulle 50ste Herdenkingsfeesvieringe. Die konsert sal onder andere Kaapstad Opera, JazzArt, Unmute, Kaapstad Ballet, die Filharmoniese Orkes en die Zip Zap-sirkus insluit.

Covid-19-veiligheidsprotokolle in plek

Twee produksies is vir November en Desember geskeduleer om seker te maak alle veiligheidsmaatreëls is in plek. Die produksies is: *He Had It Coming* – deur Mike Van Graan en *An evening of ballet* deur Kaapstad se balletgeselskap.

Lees meer by www.artscape.co.za en https://www.facebook.com/ArtscapeTheatre/